

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



# Die geboortegesiedenis van Isak

---

## *Reeks preke oor die openbaring van die HERE se verbond en uitverkiesing in die geboortegesiedenis van Isak*

**Dr AH Bogaards**

**2012**

### **Preek 3**

Lees: Gen.25:19-34

Teks: Gen.25:24-34 (Isak: nr.3)

Datum: 16 September 2012

Psalms: 92:1,2; 9:7; 45:1,2; 45:9,10; 92:6,7

## **1. Inleiding**

Die kerk het sy geboorte te danke *nét* aan die HERE. As ons 'n opskrif bokant hierdie gedeelte kan sit, dan is dit sekerlik die volgende: *Gebore uit genade en nie uit werke nie*:

- want dat Jakob deur God uitverkies is, het niks met sy eie vroomheid te make gehad nie, maar net omdat God dit wou;
- aan die anderkant: dat Esau verlore gegaan het, was sy eie skuld, omdat hy die HERE se genade verwerp het.

In hierdie geskiedenis sien ons twee soorte verbondskinders, twee soorte kerkmense, wat teenoor mekaar staan, maar – wat tog, tog so baie na mekaar lyk:

- enersyds is daar Esau: 'n onheilige;
- maar langs hom staan Jakob : 'n onheilige heilige.

Ek staan stil by twee hoofgedagtes:

1. Esau, die verbondskind wat die verbondsbeloftes verag; en
2. Jakob, die verbondskind wat die verbondsbeloftes op die verkeerde manier probeer kry.

Ons begin by Esau,

## 2.1. die verbondskind wat die verbondsbeloftes verag

Ja, *ook Esau was 'n verbondskind*. Ook hy was deel van die volk van God. Daar is geen enkele rede om te sê dat Esau dit nie was nie. Immers, ook hy is gebore uit verbondsouers en so goed as wat iemand wat uit Afrikaner-ouers gebore is, self óók 'n Afrikaner is, net so is kinders wat uit verbondsouers gebore word, óók lede van die verbondsvolk.

Boonop word van Esau gesê: Hy het die *eersgeboortereg* gehad. Hy het dus, kragtens sy geboorte as eersteling, sekere besondere voorregte binne die verbond gehad. In Israel het die eersgeborene volgens Deuteronomium 21:17 'n dubbele porsie van die erfenis ontvang. Maar dit is nie al nie. In hierdie geskiedenis was daar ook baie meer daaraan gekoppel: As eersgeborene sou hy naamlik geld as die opvolger van vader Isak. Hy sou die stamvader wees na die dood van sy vader. Dit beteken: Op hom sou *die seën* aan Abraham en Isak oorgaan. Uit hom sou, kragtens die belofte van die verbond, die kerksaad, die Godsvolk soos die sand van die see in menigte, gebore word. Maar dit is nog nie die vernaamste nie. Die belangrikste is dat uit sy nageslag die Verlosser gebore sou word, die Saad in wie al die geslagte van die aarde geseën sou word. Daarom sê Esau inderdaad ook later vir Isak in Genesis 27:36: *My eersgeboortereg* het Jakob geneem en, kyk, nou het hy *my seën* geneem. Daar is in die Hebreeus 'n woordspeling tussen *eersgeboortereg* en *seën*. *My seën* - dit was dus die verbonds-weelde wat die HERE aan Esau geskenk het.

Sou Esau hierdie verbonds-rykdom van die HERE waardeer? Kom ons kyk.

By sy geboorte was Esau rooi van kleur en oortrek met hare. Daarom het hy die naam *Esau* gekry, wat harig beteken. Sy latere naam, *Edom*, beteken: die rooie. Dié naam het hy gekry na aanleiding van die rooikleurige kooksel lensies waarvoor hy sy eersgeboortereg verkwansel het.

Van Esau word gesê dat hy, toe hy opgegroeï het, 'n ervare jagter geword het, 'n man van die veld.

Op 'n dag het Esau uit die veld gekom uitgeput en honger. Jakob was toe juis besig om lensies te kook. Dit laat Esau uitroep: *Laat my tog sluk van die rooigoed daar, want ek is moeg*. Daarin sien Jakob sy kans om die eersgeboortereg te bekom. Daarom sê hy: *Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my*. Esau se antwoord getuig daarvan hoe min hierdie

eersgeboortereg vir hom werd was: ***Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan?*** Hy gaan selfs so ver om, op aandrang van Jakob, 'n eed af te lê. Dit wil sê: Hy roep die HERE as getuie aan dat hy sy eersgeboortereg verkwansel. Uit hierdie optrede van Esau word dit duidelik: Die natuurlike lewe is vir Esau veel belangriker as die geestelike. Sy liggaamlike behoeftes is vir hom kosbaarder as die ryk erfenis wat hy in die eersgeboortereg ontvang het. Esau het 'n liggaamlik honger, maar geen geestelike honger nie. Die honger na God se beloftes ontbreek by hom.

Sy absolute onverskilligheid blyk ook uit sy verdere optrede. In 'n opvallende opeenhoping van woorde beskryf die Bybelskrywer Esau se ligsinnigheid: ***... en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan.*** Ons hoor hom glad nie terugkibbel wanneer hy versadig is en beter voel nie. Wat hy gedoen het – daaroor het hy nie die minste spyt nie.

Die laaste woorde van vers 34 is 'n kommentaar van die Bybelskrywer – 'n kommentaar van die Heilige Gees dus, want Hy is die eintlike Bybelskrywer – op Esau se optrede: ***So het Esau dan sy eersgeboortereg verag. Verag*** beteken: Hy het dit geringgeskat. Dat, kragtens sy eersgeboortereg, die belofte aan hom toegekóm het dat uit hom die Saligmaker gebore sou word, het hy geminag. God se genade daarin het hy verag, nie hoog geag nie.

Ook ***Hebreërs 12 vers 16*** kom op hierdie geskiedenis terug. Die skrywer waarsku sy lesers: ***Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het.***

Hierdie woorde – Skrif-met-Skrif-vergelyking – gee ons 'n verklaring van die Heilige Gees self:

1. Hebreërs 12 vers 16 noem Esau eerstens 'n ***hoereerder***. Dit is 'n tipiese verbondswoord waarmee die Bybel verbondsbreuk beskryf: Die HERE is immers die Man en die kerk is sy vrou. ***Jou Maker is jou man***, sê Jesaja 54:5. As Israel daarom die HERE verlaat, word gesê: Hulle het gehoereer. Vandaar dat Esau ook 'n ***hoereerder*** genoem word: Hy het die HERE verlaat. Dit teken sy verhouding teenoor die HERE en sy verbond.
2. Die Hebreër-brief beskryf Esau voorts as 'n ***onheilige***. Daarmee word bedoel: Hy het die heilige dinge, die beloftes van God, verag.
3. Hoor ook verder hoé Esau se daad beskryf word: ***vir één spysgereg ...*** Die vertaling benadruk die ***één*** met reg. Nét vir ***één*** spysgereg – so min was die seën vir hom werd.

Moet ons Esau nou jammer kry? Daar is mense wat sê: Ja. Hulle argumenteer dan: Esau was nie 'n uitverkorene nie. Daarom kon hy nie anders nie. Net soos Judas Iskariot. Maar dit is nie hoe die Bybel ons hom laat sien nie. Die Woord laat die skynwerpers voluit val op Esau se eie skuld: **Hy** het verag, **hy** het gehoereer, **hy** was onheilig ... Ons sonde is nooit God se skuld nie.

Esau se verwerping word besien binne die raamwerk van die verbond. Esau het God verwerp – daarom het die HERE hom verwerp.

Sy nuwe naam, Edom, die rooie, sou 'n blywende herinnering wees aan hierdie geskiedenis.

In hierdie gebeurtenis is vir ons 'n groot les opgesluit. Dit leer ons: Verbondskinders kan God se beloftes verwerp. God se beloftes aan ons gaan nie outomaties in vervulling nie. Dit eis van ons 'n geloofsantwoord.

Ook vir ons bestaan die gevaar dat kos en klere, ons werk en ons gesin, ons sport en ons ontspanning vir ons belangriker kan wees as die HERE en sy Woord.

Die vraag is: Waarna honger ons? Jesus sê in sy bergrede: **Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid.** En dan volg daarby die belofte: **Want hulle sal versadig word** (Mt.5:6).

Maar nou gaan ons na Jakob,

## **2.2. die verbondskind wat die verbondsbeloftes op die verkeerde manier probeer kry.**

Anders gesê: die onheilige heilige met sy onheilige metodes en werke.

By die geboorte van Jakob het daar 'n eienaardige ding plaasgevind: Terwyl hy gebore is, het **sy hand die hakskeen van Esau vasgehou.**

Na aanleiding daarvan het sy ouers hom **Jakob** genoem. In die oorspronklike hoor ons in die naam Jakob die Hebreeuse woord **hakskeen**. Sy naam het dus nié oorspronklik **bedrieër** beteken nie. Dit is eers later dat Esau Jakob se naam in verband bring met 'n ander Hebreeuse woord wat byna dieselfde klink, maar wat nie hakskeen nie, maar wel bedrieër beteken (Gen.27:36; Hos 12:4; Jer 9:3).

Hoe ook al, in hierdie naamgewing lê sekerlik die aankondiging dat Jakob in sy lewe sou poog om Esau verby te streef, dat hy sou streef na die eersgeboortereg. Want hoekom gryp jy na iemand se hakskeen? Natuurlik om hom te stop, om hom verby te kan steek.

Die groot vraag is egter: Hoé gaan Jakob dit doen? Gaan hy dit gelowig, heilig, in God se hande laat of gaan hy dit eiehandig, deur die onheilige hand van bedrog in hande probeer kry?

Van Jakob word 'n hele paar positiewe dinge gesê:

1. Eerstens word vertel dat hy *vredeliewend* was. *Opreg* is 'n beter vertaling wees (vgl Gen 17:1, waar die HERE vir Abraham sê: Wandel voor my aangesig, dan sal jy *opreg* wees). Dit is baie opvallend dat dit nie van Esau gesê word nie. Jakob was dus *opreg*. Dit is die Heilige Gees se oordeel oor Jakob. Dit moet ons sekerlik nie as sondeloos opvat nie. Reeds in die geskiedenis van vandag sal ons die teendeel sien. En tog noem die Bybel hom opreg, net soos die Bybel ons heiliges noem, ondanks vele onheilighede in ons lewens.

Hoe moet ons dit verklaar? Jakob was nie in homself opreg nie en ons is nie in onself heilig nie, maar ons word in Christus geheilig. In Hom alleen staan ons opreg voor God. Daarom het Luther ook aangaande die gelowige gesê: *tegelyk regverdige en sondaar*. Daar is 'n mooi boek oor Kohlbrugge. Dit het die titel: *Die onheilige heilige*. Dit is 'n veelseggende titel, want dit beskryf Kohlbrugge se hele lewe en teologie: Ons is heeltemal onheilig in onself en ons is heeltemal ge-heilig in Christus.

2. Tweedens vertel die Bybelskrywer: *Jakob het in tente gewoon*. Dit beteken sekerlik nie dat hy 'n mamma-se-seuntjie was nie. Hy het nie aan sy ma se rokspante vasgeklou nie. Hierdie opmerking wil eerder iets sê van Jakob se houding teenoor die godsdiens van sy vaders leer. Kom ek verduidelik: Die familietent was in daardie tyd die plek van die erediens. En nou kom dit juis hierin uit dat hy *opreg* was: in die feit dat hy lief was vir die heilige dinge van God: dat hy lief was vir die tentekamp, daar waar geoffer is, gebed is en geleef is by die beloftes van God. Terwyl Esau 'n onverskillige en wilde lewe gelei het, was die lewe naby God en by sy beloftewoord vir Jakob van belang. Dat Esau die veld verkies het bo die tente, is dus nie sommer 'n terloopse opmerking nie. Dit wil nie maar net, heel neutraal, sê wat Esau liefde was nie. Dit openbaar Esau se onheilige houding teenoor God en sy Woord.

Maar kom ons kyk na Jakob se onheilige rol in die onheilige lensie-geskiedenis:

As ons Jakob se optrede daar beskou en beoordeel, moet ons sê: Hy was beslis nie in homself 'n heilige nie. Kyk maar wat doen die man:

- Hy was aandadig aan Esau se sonde: Want hy verlei hom om sy eersgeboortereg af te sweer.
- Hy wat Jakob is, hy laat verder sy broer 'n ligsinnige, goddelose eed sweer.
- Van naasteliefde is hier geen sprake nie.
- Jakob meen voorts dat die eersgeboortereg te koop is, dat die HERE se genade bekom kan word met 'n pot lensiesop. Is dit nie erg nie?

DAAROM: Esau en Jakob staan eintlik nie so ver van mekaar nie:

- Esau verag die eersgeboortereg. Daardeur minag hy God se genade wat daarin geopenbaar word. Die geloof ontbreek by Esau.
- Maar die gelowige afwag op God – dit ontbreek ook by Jakob. O, hy wil wel die beloftes ontvang. Dit is vir hom kosbaar. Dit is 'n pluspunt by hom. En tog wil hy dit ook sonder God se hulp, dit wil sê sonder God se genade, verkry. Want, hy span sy eie metodes in om dit te bekom. Hy maak van menslike lis gebruik, inplaas van om op die HERE te wag.

⇒ **DAAROM**: Wanneer die HERE Jakob uitverkies bo Esau, dan het dit sekerlik nie met Jakob se werke te make nie.

### 3.Slot

Dat Esau sy eersgeboortereg verbeur het, was volgens Romeine 9 'n werk van God se vrye genadebeskikking. Maar dit was ook tegelyk die gevolg van sy eie minagting van die eersgeboortereg, soos hierdie geskiedenis laat sien. Ismael het geen reg op die eersgeboortereg gehad het nie, omdat hy na die vlees verwek is. En Esau het, hoewel hy nie na die vlees verwek is nie, die eersgeboortereg verbeur, omdat hy na die vlees gesind, vleeslik gesind was (Delitzsch).

Maar ook Jakob self is hier nog so vleeslik gesind. Ook hy het nog soveel om te leer. Sy verdere lewe is 'n leerskool, die leerskool van die Heilige Gees. In daardie leerskool sal hy

moet leer: Die verkryging van God se beloftes hang nie af van die vlees, van ons menslike planne en van ons lis en ons inspanning en ons werke nie. Ons ontvang dit enkel en alleen uit genade. Daarom sê Paulus in Romeine 9 vers 16: ***So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.***

Wanneer ons hierdie geskiedenis gelowig lees, neem ons almal ons plekke in langs Jakob. Dan word ons klasmaats van Jakob. Dan word ons leerlinge van ons hoogste Profeet en Leraar, Jesus Christus. Hy leer ons en oortuig ons in en deur hierdie geskiedenis om van en uit God se genade te leef.

AMEN